Die Voortrekkers

10 September 2018

Aan al die Voortrekkerbesture van Die Voortrekkers Transvaal

INSAKE: GEBIEDSDAGBESTUURSNOMINASIE- EN VERKIESINGSPROSES VIR 2018

AGL Bemarking, Tekkies Kotze, het bedank as gevolg van ‘n werksgeleentheid en sy verhuising na Witsand in die Suid-Kaap.
Die gebiedsdagbestuur het besluit om voort te gaan met ‘n nominasie en verkiesingsproses ten einde die portefeulje te vul.
Die verkiesing gaan bestuur word volgens die voorgestelde gewysigde verkiesingsproses soos goedgekeur deur die hoofbestuur van Die Voortrekkers.

AGL Bemarking is verantwoordelik vir bemarkingsprojekte en skakeling.
Dit behels onder andere, maar is nie beperk tot die volgende

- Bemarkingsprojekte vanaf nasionale en gebiedsvlak wat uitgevoer word op kommando en gemeenskapsvlak.
- Beplan en bestuur van bemarkingsaksies en projekte wat sigbaarheid van Die Voortrekkers bevorder.
- Skakeling soos en waar nodig rakende Die Voortrekkers.
- Media skakeling.
- Sosiale media; facebook, webblad, ens.
- Bemarking van terreine (webblad, advertensies, ens)

Die nominasie- en verkiesingsproses is as volg

1. Die portefeulje sal gevul word deur middel van ’n verkiesing met ‘n voorafnominasie.

2. Enige Voortrekkerbestuur van Die Voortrekkers Transvaal mag ’n persoon nomineer deur middel van ’n amptelike besluit, wat volledig gedokumenteer is, van die betrokke Voortrekkerbestuur. Die notule waarin die besluit vervat is, moet ook ingestuur word. Indien die nie notule ingehandig word nie, sal die nominasie nie aanvaar word nie.

Francis Baard str. 990 (Ou Schoeman straat)
Posbus 12924
Hatfield
0028
012 430 3914 (Kantoor)
086 613 9934 (Faks)

transvaal@voortrekkers.org.za
(Finansies, Terreine, Verkenner- en Volwasse sake SAS, PD sake en Bemarking)
admin@voortrekkers.org.za
(Administrasie, Webblaaie, Kennisgewings en SAS,)

https://transvaal.voortrekkers.co.za
www.transvaal.voortrekkers.org.za
www.houkoers.co.za
Twitter: @twittvlvt
Instagram: tvl.vtks

Gebiedsleier: Zandra Machin
Adjunkgebiedsleiers: Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg, Tekkies Kotze

3. Nominasies sal aanvaar word vir die portefeulje Adjunk-gebiedsleier [Bemarking].

4. Die nominasie - en verkiesingsproses vind as volg plaas:
   4.1 Die kieskollege van die gebied verkies die Adjunk-gebiedsleier [Bemarking] na vooraf nominasie deur enige van die Kommandobesture of Oordbesture met volstrekte meerderheid.
   4.2 Die kieskollege van die gebied sal bestaan uit die sittende Gebiedsdagbestuur, Gebiedsbestuur en oordbesture.

5. Nominasies kan tot en met **Woensdag 10 Oktober om 10:00** ingedien word deur middel van een van die volgende twee (2) metodes:
   5.1. Fisies by die Gebiedskantoor (Francis Baardstraat 990, Hatfield) óf
   5.2. Elektronies per e-pos na admin@voortrekkers.org.za

6. 'n Persoon wat hom/haar laat nomineer moet aan die bepalings van Die Voortrekkers se grondwet, reglemente en verantwoordelikhede voldoen, soos deur die hoof- en gebiedsbestuur goedgekeur, voordat die nominasie aanvaar sal word. 'n Nominasie sal slegs aanvaar word wat voldoen aan die volgende vereistes:
   6.1. Die persoon moet 'n geregistreerde en opbetaalde lid van Die Voortrekkers is.
   6.2. Die persoon moet met nominasie 'n *curriculum vitae* indien waarin genoegsame besonderhede beskikbaar gestel word ten einde hom/haar vir die pos, met spesifieke portefeulje, te oorweeg. Die volgende moet daarin opgeneem wees:
      a.) Persoonlike besonderhede;
      b.) Opleiding, ervaring en dienswerk buite Die Voortrekkers; en
      c.) Opleiding, ervaring en dienswerk binne Die Voortrekkers.

7. Alle nominasies sal nagegaan word ten einde te bepaal of dit geldig is al dan nie. Alle nominasies wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie, sal summier verwerp word.

8. Die lys van al die geldige nominasies asook elke kandidaat se *curriculum vitae* sal op Vrydag 12 Oktober 2018 deur die Adjunk-gebiedsleier [Administrasie] op Die Voortrekkers Transvaal se webblad (http://transvaal.voortrekkers.co.za) gepubliseer word.

9. Die persoon wat sodanige nominasie aanvaar stem sodoende in dat hy/sy:
   9.1. Die pligte en verantwoordelikhede van die betrokke portefeulje(s) ten volle sal kan uitvoer;
   9.2. Duidelik besef dat die Gebiedsbestuur na die verkiesing nog verdere verantwoordelikhede kan toewys, soos nodig, om al die funksies van die Gebiedsbestuur behoorlik uit te voer; en
   9.3. Deurlopend met die lede van Die Voortrekkers, formeel en informeel, sal skakel ten einde op hoogte te bly van wat nodig is om enige dienswerk te verbeter.

10. Die Adjunk-gebiedsleier Bemarking word deur die gebiedskieskollege verkies wat saamgestel word uit:
    10.1 Die sittende Gebiedsdagbestuur;
    10.2 Een (1) Gebiedsjeugleier;
    10.3 Die Gebiedstaatmakerdraer;
    10.4 Al die sittende oorddagbesture;
    10.5 Een (1) Oordjeugleier;

10.6 Die Kommandoleiers van al die Voortrekkerkommando's;
10.7 Die groepleiers van staatmakergroepe, veldkornette van veldkornetskappe en spanoffisiere van spanne los van Voortrekkerkommando's binne Die Voortrekkers Transvaal.

11. Die kieskollege sal via stembus elektronies deelneem aan die verkiesing op **Donderdag 18 Oktober 2018.** Die kieskollege se e-pos en selnommers sal via e-pos vooraf bevestig word. Die tydgleuf vir die verkiesing sal gekommunikeer word.

U word derhalwe versoek om deel te wees van die proses en nominasies in te dien.

Enige navrae in verband met nominasies, die nominasieproses en die verkiesingsproses van Transvaal se gebiedsdagbestuur kan aan my gerig word.

Hartlike Transvaal groete

Elsa Schnetler
Adjunk-gebiedsleier[Administrasie]
Transvaal Voortrekkers
082 707 2010
elsies1@afrihost.co.za